September 2022 | vol 19

#INTEGRITASZA MONTHLY

INSPIRE AND INNOVATE/INSPIREER EN INNOVEER

CiviNovus
SOCIAL INNOVATION

#integritasza
THE MOVEMENT



WHY?
Integrity creates wholeness
HOW?
Humility and Courage
WHAT?
Dignity and Prosperity

Join the #integritasza-movement

Dr. De Klerk-Luttig skryf oor integriteit

Die woord integriteit word deesdae so dikwels in toesprake en koerantberigte gebruik, dat dit byna 'n modewoord geword het. Maar wat behels integriteit werklik?

Die woord integriteit kom van die Latynse *"integritas"* of *"integer"*, wat heelheid of eenheid beteken. Net soos 'n integer of heelgetal geen breukdeel het nie, is iemand met integriteit 'n heel persoon of iemand uit een stuk.

Mense met integriteit is dus dié wie se oggend- en aandpraatjies ooreenstem. Hul openbare optrede op die verhoog voor ander en hul gedrag agter die skerms in hul private lewe, is in lyn. Hulle woorde en dade weerspreek mekaar nie, want hulle doen wat hulle sê en sê wat hulle doen, en daarom kan ander hulle vertrou. Mense wat met integriteit leef, leef sonder pretensies en maskers en hulle gee nie voor om te wees wat hulle nie is nie.

Integriteit impliseer dat jy jou afsprake sal nakom, dié wat jy met jouself en met ander gemaak het en dat jy liewer nie beloftes maak as jy dit nie kan nakom nie. Dit behels dat jy eerlik sal wees met jouself, nie jou foute sal rasionaliseer en gedurig verskonings fabriseer, terwyl jy ander se foute onder ’n vergrootglas plaas nie. Integriteit beteken dat jy nie die applous en erkenning wat ander toekom, vir jouself opeis nie.

Integriteit vra dat jy sal waak teen wit leuens en enige verdraaiing van die waarheid wat jou geloofwaardigheid aantas en dat jy opreg verskoning sal vra wanneer jy besef dat jy verkeerd opgetree het.

Integriteit kom veral na vore in wat jy doen wanneer niemand jou sien nie en jy seker is dat jy nie betrap sal word nie. Dit is die hoeksteen van gesonde selfagting, maar jy moet gedurig daaraan werk, want dit kan baie vinnig vernietig word.

Volgens die skrywer Stephen Carter stel integriteit hoë eise, want dit bestaan uit **drie dele:**

- Mense met integriteit het die vermoë en die wysheid om te kan onderskei tussen goed en kwaad, reg en verkeerd.
- Hulle het die morele moed om die regte ding te doen.
- Hulle is dapper genoeg om in die openbaar op te staan vir wat reg is.

Daar is baie voorbeelde van mense wat met integriteit geleef het in ons land se geskiedenis. Emily Hobhouse was 'n vrou met integriteit. Sy was ’n vegter vir maatskaplike geregtigheid en was diep oortuig van die onreg teenoor vroue en kinders in die Anglo-Boereoorlog. Sy het met groot teenstand van haar landgenote daarteen opgetree en met morele moed gedoen wat sy geglo het reg is, dikwels in uiters moeilike omstandighede. Sy het ook openlik opgestaan vir dit waarin sy geglo het en sonder vrees sterk standpunt ingeneem teen die vergrype van die Britse Ryk, al was dit dikwels tot haar nadeel.

Generaal De La Rey was ‘n leier wat met integriteit geleef het. Na die oorwinning van die boeremagte tydens die slag van Tweebos in 1902 het hy opdrag gegee dat die ernstig gewonde Britse generaal Methuen met sy veerwaentjie na die hospitaal in Klerksdorp vervoer moes word. Die besluit het die Boere woedend gemaak en hulle het ‘n petisie onderteken waarin hulle generaal Methuen se dood geëis het. Generaal de La Rey moes toe inderhaas ‘n rapportryer stuur om Methuen te stop, terwyl hulle krygsraad gehou het. Hy moes die byna duisend Boere oortuig dat dit die regte ding is om genade te betoon aan 'n gewonde vyand. Max Weber, 'n Switserse geoloog wat saam met die Boere geveg het, het die generaal se woorde so opgeskryf : “ Burgers, ek is al van die begin van die oorlog af julle leier. Van die begin af het ek nog nooit iets gedoen wat julle of my naam oneer aangedoen het nie. Broers, is dit reg om onsself te verneder deur wraak te neem op 'n weerlose man? Moet ons willens

en wetens die verkeerde ding doen?" Hy het daarin geslaag om met groot morele moed teen die stroom in te gaan en die Boere te oortuig om Generaal Methuen se lewe te spaar. Dit het tot 'n lewenslange vriendskap tussen De La Rey en Methuen gelei en De La Rey sal onthou word, nie alleen vir sy uitstaande militêre genialiteit nie, maar ook vir sy morele leierskap en integriteit.

Ook oud-president FW de Klerk het integriteit getoon nadat hy besef het dat apartheid verkeerd is. Hy het met groot morele moed en integriteit opgetree toe hy in sy geskiedkundige toespraak op 2 Februarie 1990 'n einde aan apartheid gemaak het en ons land in 'n nuwe demokratiese rigting gestuur het.

Generaal Eisenhower het die verband tussen integriteit en leierskap so verwoord: "The supreme quality for leadership is unquestionably integrity. Without it, no real success is possible, no matter whether it is on a section gang, a football field, in an army, or in an office."

Volgens die ekonoom Francis Fukuyama is 'n nasie se welstand asook die vermoë om te kan meeding, direk in verhouding tot die vlakke van vertroue wat hulle inboesem, met ander woorde direk afhanklik van hul vlakke van integriteit. Hy beweer dat wydverspreide wantroue 'n vorm van belasting op alle ekonomiese aktiwiteite plaas, 'n belasting wat nie betaal word deur gemeenskappe waar daar wel vertroue en integriteit is nie.

Navorsing toon dat die totale opbrengs vir aandeelhouers by organisasies waar integriteit en vertroue aanwesig is, drie keer hoër is as by organisasies waar dit afwesig is; want vertroue en integriteit verminder kulturele entropie. Kulturele entropie is die proporsie energie in enige organisasie wat vermors word op nie-produktiewe aktiwiteite soos burokrasie, binnegevegte, rugstekery en die bou van persoonlike koninkryke. Hoe minder kollektiewe integriteit daar is, hoe meer kom kulturele entropie en korrupsie voor en hoe meer word vertroue weggekalwe. Integriteit is daarom die beste teenvoeter vir alle vorme van korrupsie en wantroue

Integriteit en die vertroue wat met integriteit gepaardgaan, is die gom wat gesinne, families, skole, gemeenskappe, maatskappye, ekonomieë en nasies bind, want daarsonder val alles uitmekaar.

Hoe lyk integriteit in die politiek, die skool en mense se persoonlike lewe?

Integriteit in die politiek kom na vore wanneer die beloftes wat voor die verkiesing aan kiesers gemaak is, nagekom word ná die verkiesing; en wanneer jy, indien jy die verkiesing verloor het, sonder verskonings of betogings jou kantoor ontruim en die leisels oorgee.

Dit behels 'n eerlike en deursigtige staatsdiens sonder oor-en-weerrugkrappery, toesmeerdery en selfverryking, waar ingevorderde belasting doeltreffend bestee word en geen vorm van korrupsie geduld word nie.

Integriteit op skoolvlak beteken dat onderwysers nie een ding praat of preek en self 'n ander uitleef nie, want leerlinge voel gebrekkige integriteit vinnig aan. Dit impliseer dat onderwysers nie net van leerlinge verwag om hard te werk en gedissiplineerd sal wees nie, maar dat hulle self ook hard sal werk en rolmodelle van selfdissipline sal wees.

Wanneer onderwysers leerlinge afrig om skelm of oneerlik te speel sodat hulle die inter-skole kan wen, of wanneer niemand iets doen aan die boelie op die speelterrein nie omdat almal bang is vir sy invloedryke pa, beleef leerlinge die nadelige gevolge van die afwesigheid van integriteit.

Integriteit beteken dat wanneer 'n onderwyser die hokkiespan belowe dat hy Saterdag saam met hulle na die wedstryd sal ry, hy nie sonder ’n baie goeie rede sal wegbly nie, maar sy belofte sal nakom, al is dit vir hom moeilik, want só word vertroue gebou.

Op persoonlike vlak behels integriteit dat jy jou verantwoordelikhede en beloftes sal nakom en eerlik sal wees, al is dit tot jou nadeel. Dat jy nie verskillende kriteria sal gebruik by die evaluering van jou eie en ander se gedrag nie. Dit sal van jou vra om sover moontlik nie beloftes te verbreek nie, nie teenoor jouself, jou huisgenote, vriende of kollegas nie.

Die persoonlike voordele van 'n lewe van integriteit sluit o.a. in dat jou selfrespek en selfagting versterk word, jou reputasie gebou word, jou verhoudings versterk en jy gemoedsrus beleef omdat jy vry is van skuldgevoelens.

Miskien moet elkeen van ons daagliks doelbewus daaraan werk om ons eie integriteit uit te bou en heler mense te word wat deur ander vertrou kan word. Daardeur kan ons uiteindelik die situasie in ons land verander en verhinder dat ons nie so swaar aan wantroue-belasting moet betaal nie.

In die woorde van rabbi Israel Salanter: *Toe ek 'n jong man was, wou ek die wêreld verander. / Ek het gevind dat dit moeilik is om die wêreld te verander. / Ek het toe probeer om my nasie te verander. / Toe ek besef dat ek nie die nasie kan verander nie / het ek op my dorp begin fokus. / Ek kon nie die dorp verander nie, en as ’n ouer man / het ek probeer om my familie te verander. / Nou as 'n ou man weet ek die een ding wat ek wel kan verander, is myself / en skielik het ek besef dat indien ek lank gelede myself verander het, / kon ek 'n impak op my familie gemaak het. / My familie kon 'n impak op ons dorp gemaak het, / hul impak kon die nasie verander het / en ek kon inderdaad die wêreld verander het.*

Jeanette de Klerk-Luttig

Jeanette is 'n opvoedkundige wat baie belangstel in die vestiging van waardes en die bou van karakter in skole, families, gemeenskappe en organisasies. Sy is die skrywer van die boek Waardes is Werkwoorde.

hugenote kollege

Waar Christenwees grondvat in opleiding

Mentoring and Coaching, Personal Mastery and Emotional Intelligence for Social Business

This course develops Emotional Intelligence (EQ) and links EQ to mentoring and coaching. EQ and mentoring and coaching results in improved personal mastery and organisational performance.

Mentoring en Afrigting, Persoonlike Meesterskap en Emosionele Intelligensie vir Sosiale Besigheid

Hierdie kursus ontwikkel Emosionele Intelligensie (EI) en kombineer EI met mentorskap en afrigting. EI en mentor-skap en afrigting lei tot verbeterde persoonlike meesterskap en organisasieprestasie.

Registration: Friday 4 Nov 2022 and payment of R3,500.00

Duration of the Course: 9 Nov till 12 Dec 2022

Three (3) **Zoom sessions** of four (4) hours each:

1. Wednesday **9 Nov** from 12:30 till 16:30
2. Wednesday **16 Nov** from 12:30 till 16:30
3. Wednesday **23 Nov** from 12:30 till 16

http://www.hugenote.com/

Social Workers: Can earn **16.5 SACSSP CPD points (awaiting renewal) / Maatskaplike werkers:** Kan 16.5 **SACSSP** CPD punte verwerf (wag op hernuwing)

Dutch Reformed and United Reforming Church ministers can earn **CPD points / NG en VGK dominees** kan **VBO punte** verwerf. NG en VGK werknemers kan aansoek doen vir 'n Communitas beurs by Bridget Leibbrandt by bleibbrandt@sun.ac.za.

Kliek/Click on: Hugenote Kollege Web
Go to Schools for more information regarding School of Social Innovation

Advertise here for R350 per month.

Sluit by #integritasza aan of hernu jou lidmaatskap

Lidmaatskap van #integritasza help om integriteit te bevorder. Dit sal vir jou ‘n elektroniese maandelikse Nuusbrief en driemaandelikse Compassionate Confronter gee. Beide publikasies is oop vir deelname.

Ons wil die nagedagtenis van ons kollega, Ulrike Hanekom, deur die bevordering van integriteiherdenk.

Lidmaatskap behels voltooiing van ‘n aansoekvorm, R10.00 per maand of R120.00 per jaar en/of ‘n bydrae van jou keuse.

Stuur ‘n e-pos aan Raymond Cloete by raymond@civinovus.co.za vir die lidmaatskapvorm en/of kontak vir Werner Schwella op 083 591 6691

#integritasza THE MOVEMENT